



Foto geneem deur Juffrou Anri

# Danksegging aan die redaksie van Die Trompet

Baie dankie aan die toegewyde redaksiespan van Die Trompet vir julle harde werk, kreatiwiteit en deursettingsvermoë. Julle dra met trots ons skool se stem uit en skep ’n platform waarop elke leerder se talent en prestasie kan skyn. Ons waardeer elke uur, elke woord en elke bydrae.

Dankie dat julle die hartklop van ons skoolgemeenskap sȯ mooi vasvang.

TROMPET REDAKSIE VAN JUNIE 2026:

- Me. S. Delport
- Me. I. Wang
- Marco De Carvalho
- Candice Frazer
- Lilitha Qayi
- Luniko Qondani
- Asandiswa Malawana
- Candice Frazer
- Shani Beets
- Angie Hussein

# KÿTO KAROOFEES

Van 26 tot 28 Februarie 2026 het Hoërskool De Aar weer die jaarlikse Kÿto Karoofees aangebied.

Die fees was ’n groot sukses en het vir almal iets gebied om te geniet. Een van die hoogtepunte van die fees was die Mej. HSDA-kompetisie.

Besoekers is ook vermaak deur gewilde kunstenaars soos Die Piesangskille, Early B, GnT Band, Dwayne Griffin, Riempies, Hannah E en die Musiekakademie.

Sportondersteuners kon die Karoofees-tennistoernooi geniet, terwyl ander deelnemers aan verskeie aktiwiteite deelgeneem het wat deur die naweek aangebied is.

Die Kÿto Karoofees het weereens bewys waarom dit een van die hoogtepunte op Hoërskool De Aar se kalender is! Die fees het mense bymekaar gebring, talente ten toon gestel en baie goeie herinneringe geskep.

Ons sien reeds uit na volgende jaar se Kÿto Karoofees! - Angie Hussein




















# Die Sprokie van Sotte 2026

Een, twee, drie, gordyne oop.
Blou en rooi ligte skyn.

Almal hou hul asem op.
Wie is eerste?

Die leeu brul, maar nie hard genoeg nie.
Die see wil nie pad maak nie
en die padda wil nie in 'n koning
met 'n wit perd verander nie.

Sneeu val op elke manier behalwe soos dit moet,
en die skurke kan net nie oor die hekke spring nie.

Een in, een uit.
Lag, giggel, skree.

Sneeu val, kinders gly.
Dra klere wat nie vir hulle gemaak is nie,
glimlagte opgeplak,
of dit waar is of nie.

Geboue se mure vibreer.
Kameras, fone, liggies aan.

Een, twee, drie.
Hartjies op sosiale media —
deesdae die gewildste ding.

Die snoepietannie skree vir twee ekstra pare hande.

Mense hou hul asem op,
en Frozen behou die titel van die beste.

So eindig die Sotte-konsert van 2026
met 'n sneeuvlokkie.

Wie weet?
Miskien eindig dit volgende keer met 'n brul...

- Shani Beets



# Under the Fairy Lights

The moment you stepped into the hall, it didn't feel like school anymore. Our Valentine's Day Ball was pure magic.

The main lights were off, leaving the room wrapped in darkness, while fairy lights glowed softly on every table, creating warm and intimate little islands of light throughout the hall.

Music filled the air all night long. It began with slow, romantic songs that had couples swaying together, before shifting to upbeat tracks that brought everyone onto the dance floor. Friends hyped each other up, couples laughed and spun across the room, and the entire hall seemed to move as one.

Between dances, some couples exchanged gifts-small tokens that made the evening even more meaningful. And for some, you could tell that the night was more than just a dance. It was the beginning of something special.

Perhaps there were couples who met beneath the glow of the fairy lights… Perhaps the music and relationships may one day become lifelong stories. The darkness, the glow, the dancing and the heartfelt moments all came together to create something unforgettable.

It wasn't just a ball. It was proof that sometimes a single night can become a treasured memory-and perhaps, even a forever.



- Lilitha Qayi

# Miss De Aar High School 2026

"Heavy is the head that wears the crown."

The annual Miss De Aar High School pageant took place on 26 February 2026. It is an event that many learners look forward to each year, as the title carries with it both honour and responsibility. Ten young ladies, who carry themselves with grace and elegance and who consistently show kindness towards others, competed for the prestigious title of Miss De Aar High School 2026.

Our Top 10 Finalists for 2026:

Llené Festus, Isabel Janse van Rensburg, Zureena Bezuidenhout, Jaimé Vilander, Taylor van Tonder, Abijah Greyling, Moipone Matebesi, Charlene Williams, Lesedi Mosia and Angie Hussein

The competition was fierce, and no one could predict who would ultimately walk away with the crown...

The evening commenced with a coordinated dance performance by all the contestants. Thereafter, they took to the stage to showcase their confidence, poise and stage presence to both the judges and the audience.

A special congratulations goes to our category winners:

- Miss Photogenic: Zureena Bezuidenhout

- Miss Marketing: Abijah Greyling

- Miss Paris: Lesedi Mosia

- Miss Personality: Jaimé Vilander

The judges then selected their Top 5 finalists, each of whom was required to answer a question posed by the judging panel. This segment showcased their confidence, eloquence and ability to think on their feet.

After much anticipation and suspense, with the audience eagerly awaiting the final results, the winners were announced!

Congratulations to the following contestants:

👑 Miss De Aar High School 2026: Isabel Janse van Rensburg

👑 First Princess: Llené Festus

👑 Second Princess: Moipone Matebesi

Congratulations to all the contestants who participated and made the evening a memorable celebration of confidence, character and school spirit.

- Candice Frazer





# OPENDAY 2026: A DAY OF DISCOVERY AT DE AAR HIGH SCHOOL

On 7 May 2026, De Aar High School opened its doors for “Opedag 2026”, a vibrant showcase of our school's unique sports, cultural activities, and the many exciting opportunities awaiting future learners. It was a day filled with exploration, laughter, and unforgettable lessons — all guided by our proud mascot, the Eagle.

**Computer Applications Technology**
After the famous flag ceremony in the Boet Troskie Hall, the journey began in the Computer Applications Technology classroom, where learners played interactive games alongside the Eagle. Technology came alive as they discovered how digital skills can be both fun and practical, setting the tone for a day of hands-on learning.

**LBT Welding Workshop**
The next stop was the LBT welding workshop. Here, sparks flew as learners witnessed the art of measuring, cutting, and creating sturdy structures. Precision was the key, and the golden rule from Mnr Van Wyk echoed through the room: "Measure twice, cut once." A lesson not only for welding, but for life itself

**Consumer Studies**
From steel to sweetness, the learners moved into the Consumer Studies kitchen, where our school's master chefs were hard at work. Each Grade 7 visitor received a freshly baked cupcake — a thoughtful gift from the Eagle. The aroma of success (and sugar!) filled the air.

**Life Sciences**
The adventure continued in the Life Sciences classroom, where learners encountered real organs and gained a glimpse into the fascinating world of biology. In just a few minutes, they absorbed knowledge that forms the foundation of future high school studies — a thrilling peek into the science of life.

**Physical Sciences**
Finally, the learners stepped into the Physical Sciences laboratory, where experiments and demonstrations brought science to life. They discovered that learning Physics can be both enlightening and entertaining.

Opedag 2026 was more than just a school event — it was a celebration of curiosity, creativity, and community. From welding sparks to sweet cupcakes, from organs to Newton's laws, every learner left with a memory woven into the fabric of De Aar High School. As the day came to an end, one message rang clear: We cannot wait to welcome back our little Eagles in 2027; Ready to soar even higher! 🦅






# A Buzzing Success: Spelling Bee 2026




De Aar High School hosted its first Spelling Bee on Wednesday, 6 May 2026, and our top 50 spellers arrived ready to compete.

The school decided to launch the event, because strong spelling skills matter and play an important role in academic success.

Learners battled it out in both English and Afrikaans...

Congratulations to the following champions!

Junior Category

Winner: Tshiamo Mashishi

Runner-up: Christine Bester

Senior Category

Winner: Celeste de Clerk (and Overall Champion)

Runner-up: Mbuyiselo Madyo

Every participant showed courage, determination and a willingness to challenge themselves.

DAHS is incredibly proud of each and every speller who took part!

We hope this is only the beginning of a new tradition at our school.

Missed out this year? Don't worry! Next year's Spelling Bee could be your chance to shine.



- Asa Malawana

# ’n Paar druppels hoop


Ons skool het onlangs ’n bloedskenkingsveldtog, saam met SANBS gehou en dit was ongelooflik om te sien hoe leerders en onderwysers vir ’n goeie doel bymekaarkom! Selfs met senuweeagtige hande het mense opgestaan, omdat ons geweet het dat elke druppel bloed vir iemand ’n tweede kans op die lewe kan gee.

Die verpleegsters het die proses veilig, asook maklik, gemaak en almal gehelp – van registrasie tot aan die einde. Teen die einde van die dag is tientalle eenhede bloed vir hospitale ingesamel.

Dit was ’n kragtige herinnering dat jy nie geld of superkragte nodig het om ’n lewe te red nie.Soms vat dit net 15 minute en die moed om te sê: “Ek kan help.”

Een skenking. Baie lewens gered!









- Lilitha Qayi


SKOOLBUS SCHOOL BUS
EK IS 50 !
DE AAR HIGH SCHOOL
SPAR
ROSEPARK
SOUTH AFRICA
CRICKET


WELCOMES YOU
HENNIES SENTRUM
DE AAR 47
BESOEKERS 10
AUTOFORCE
HV
D
VV
HD
S

# Alrique May behaal Top 30 in nasionale entrepreneurskompetisie



Alrique May, ’n huidige matrikulant van Hoërskool De Aar, het onlangs ’n besonderse prestasie behaal deur sy plek onder die Top 30 deelnemers in Suid-Afrika te verseker in die *Maak My ’n Miljoenêr* Entrepreneur van die Jaar-kompetisie – ’n nasionale platform wat daarop gemik is om jong entrepreneurs te identifiseer, te ontwikkel en te bemagtig.

Die kompetisie, aangebied deur entrepreneur en programstigter Albert van Wyk, het hoërskoolleerders regoor die land uitgedaag om hul sake-idees, entrepreneursvernuf en innoverende denke op nasionale vlak ten toon te stel.

Die *Maak My ’n Miljoenêr*-span het vroeër die kwartaal Hoërskool De Aar besoek om die kompetisie aan leerders bekend te stel en hulle aan te moedig om deel te neem. Daarna is deelnemers deur verskeie streng keuringsrondtes geneem. Honderde inskrywings is aanvanklik oorweeg voordat slegs die sterkste kandidate na die volgende fases deurgedring het.

Alrique, beter bekend as “Ricky”, het suksesvol deur die vroeë keuringsrondtes gevorder en uiteindelik sy plek onder die Top 30 deelnemers in die land verseker – ’n prestasie wat sy toewyding, harde werk en deursettingsvermoë duidelik beklemtoon.

Sy vermoë om ’n idee te neem en dit deur volgehoue inspanning te ontwikkel tot op ’n vlak van nasionale erkenning, plaas hom onder ’n uitsonderlike groep jong entrepreneurs. Dit verg nie net kreatiewe denke nie, maar ook dissipline, deursettingsvermoë en die moed om jouself op ’n groter verhoog te plaas.

Vir Hoërskool De Aar is hierdie prestasie ’n groot bron van trots! Dit bevestig dat daar buitengewone talent in ons klaskamers is en dat ons leerders die vermoë het om op nasionale vlak uit te blink wanneer hulle geleenthede aangryp.

Alrique “Ricky” May se Top 30-plasing is meer as net ’n prestasie – dit is ’n bewys van potensiaal wat reeds begin ontwikkel het tot iets besonders.

Hy glo vas: “Moenie wag vir geleenthede nie…skep hulle self.”

Daar word met groot afwagting uitgesien na sy volgende tree op hierdie entrepreneursreis!

- Marco De Carvalho

# Talent skitter tydens Jeugtak se Kultuuraand

Die ATKV-Jeugtak Arende het op 23 April ’n geslaagde kultuuraand aangebied wat aan leerders die geleentheid gebied het om hul talente op die verhoog ten toon te stel. Die aand is gereël met die doel om deelname aan kultuuraktiwiteite aan te moedig en ’n platform te skep waar leerders hul kreatiwiteit en passie met die skoolgemeenskap kon deel.

Die program het uit ’n verskeidenheid optredes bestaan wat die gehoor deurentyd vermaak het. Van sang en dans tot kort tonele en improvisasies het leerders die verhoog gebruik om hul unieke talente te wys. Die skoolkoor en pom-poms het ook trots opgetree, terwyl dansers van die plaaslike Karoo Dansakademie die gehoor met energieke en goed voorbereide items beïndruk het.

Verskeie leerders wat later vanjaar aan kultuurkompetisies soos SACOPA gaan deelneem, het die geleentheid gebruik om hul vaardighede voor ’n gehoor te demonstreer en waardevolle verhoogervaring op te doen. Dit het daartoe bygedra dat die aand nie net vermaaklik was nie, maar ook ’n belangrike deel van hul voorbereiding vir toekomstige optredes en kompetisies gevorm het.

Die aand het weereens bewys hoeveel talent binne Hoërskool De Aar skuil en hoe belangrik dit is om geleenthede te skep waar leerders hulself kan uitdruk. Sulke platforms help leerders om selfvertroue op te bou, hul vaardighede verder te ontwikkel en hul kreatiwiteit te versterk.

Hoërskool De Aar se kultuurlewe wys duidelik dat dit nie stilstaan nie, maar voortdurend groei en floreer met elke nuwe geleentheid wat die verhoog bied.

- Marco De Carlvalho



# Wat die leerders dink, die personeel in hul vrye tyd doen…



1. Juffrou Delport is ŉ speurder met ‘n grimeersak byderhand.
2. Mnr. Foster is die CEO en handelsambassadeur vir Monster/ Dragon energie drankies.
3. Juffrou Louwrens is ŉ sukkelende “stand-up comedian”/ Works at Willy Wonka’s factory.
4. Juffrou Koen besit ‘n dagsorg en leer die kinders die skool se gedragskode voor hulle slaap.
5. Juffrou Sadie oefen om te skel.
6. Juffrou Kruger is a verpleegster.
7. Mnr. Hattingh die “Mall Santa”.
8. Mnr. E Botha is definitief in die politiek/owns a bakery.
9. Juffrou Bekker bestuur ŉ dissiplinêre kamp/ Secretly on “Date my family”.
10. Juffrou Oosthuizen besit ŉ denimbroekwinkel en kyk series.
11. Juffrou Slabbert is addicted to eating slaptjips.
12. Juffrou Adems oefen hoe om kinders se siele uit te tart.
13. Mej Brendane: Kuierleier
14. Juffrou Burger - Probably with her big man.
15. Mr and Mrs Koen – Speel WWE by die huis na Mnr Koen sy vakansie begroting uitgewerk het.
16. Juffrou Maske - South Africa’s next best photographer en maak haar tuin nat.
17. Mnr Boshoff - Works at the Tabacco factory/stealing from Tabacco factories with Mnr van Heerden en dan gaan braai hulle.
18. Juffrou Barnard blaai deur ‘n Afrikaanse woordeboek.
19. Juffrou Prins neem heeldag klomp foto’s vir Instagram.
20. Juffrou Nel doen Soduko en puzzles.
21. Tannie Melanie sit en lag vir al die redes hoekom die kinders strafpunte gekry het.

# What they actually do 😊 😊 😊



# Lessons from an Eagle: Advice to High School Learners

Greetings, young learners!

I am an eagle. I soar high above mountains, valleys, and storms. From the sky, I have learned many lessons that can help you as you journey through high school and prepare for your future.

## 1. Dream Big and Aim High

An eagle never spends its life scratching around on the ground. We spread our wings and fly towards the clouds. In the same way, don't limit yourself. Set goals that inspire you. Whether you dream of becoming a doctor, teacher, artist, engineer, or entrepreneur, believe that you can achieve it.

## 2. Face Your Storms

When storms come, most birds hide. Eagles do the opposite—we rise above the storm and use the strong winds to soar even higher. Life will bring challenges: difficult exams, disappointments, friendship problems, or moments of self-doubt. Don't let these storms defeat you. Use them to become stronger and wiser.

## 3. Choose Your Friends Carefully

Eagles fly with purpose and do not follow every flock. Surround yourself with people who encourage you to be your best. Good friends inspire you, support your dreams, and help you make wise choices.

## 4. Work Hard Every Day

Flying high takes strength and practice. Success doesn't happen overnight. Study diligently, complete your assignments, and keep improving your skills. Small efforts every day lead to great achievements over time.

## 5. Lift Others Up

True strength is not only about personal success. It is also about helping others succeed. Encourage your classmates, show kindness, and be someone who makes your school a better place.

# ’n Nuwe digitale era by Hoërskool De Aar.

Ons nuwe webtuistes handel oor die skool self en dan beskik die Karoofees ook oor sy eie nuwe webtuiste. Dit is ontwerp om leerders, ouers, personeel en die gemeenskap makliker met ons skool te verbind.


Ontdek ons skool se nuus, gebeure, prestasies, akademiese hoogtepunte, sport, kultuur en alles wat HSDA uniek maak.

So bly u ook op hoogte met die fees wat pomp.

Ons nooi u uit om saam met ons hierdie nuwe hoofstuk te vier en die nuwe webtuiste te besoek.

***Skool - www.hsda.co.za**

***Fees - www.karoofees.org**






# ’n Nuwe era van trots en eenheid breek aan!

+Ons skool stel met groot opgewondenheid ons splinternuwe spoglied bekend – ’n lied wat ons waardes, tradisies, drome en die unieke gees van ons skool vasvang. Laat die musiek ons harte verbind en ons trots laat weerklink, want hierdie is meer as net ’n lied… dit is die klank van wie ons is! 🌟

## EK WIL ‘N AREND WEES!

Amal ken ons gaan ons blou dra blou
dis eagles of niks as ons uit draf
yeah
ja ons staan ons man, doen dit as een span saam
julle noem dit in en eagles doen dit aan
yeah

Ma ek wil ‘n eagle wees
ma ek wil ‘n eagle wees
kom haal jou soentjie
kom haal jou lemoentjie
by die eagle boys

Moet nooit vergeet van ons
ons sport is gesond
ja
Hoërskool De Aar dis waar die ysters is
ons weet

Ma ek wil ‘n eagle wees
ma ek wil ‘n eagle wees
kom haal jou soentjie
kom haal jou lemoentjie
by die eagle boys

